# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Die Lam is Lofwaardig

**Skriflesing:**
Openbaring 4:1-5:14 (2020)

**Teksvers**:
Openbaring 5:11-13

**Sing**:
Ps 118:1, 2
Ps 34:1, 2, 8
Ps 66:1, 2, 9
Sb 5-3:1, 2, 3, 4, 5
Ps 150:1, 3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Musiek ontroer die siel. Dit streel die snare van die hart. Maar wat is dit tog om musiek te maak of 'n lied te sing wat nie tot lof van God die Almagtige is nie? Aan die ander kant is die vraag: *wat is die reaksie op die ontmoeting van die kerk met die Almagtige?* Deur die eeue heen hoor ons hoe mense spontaan in lofliedere uitjubel oor die groot en magtige werke van die Here.

So kan die kerk ook in die erediens sing! Ons kan die lof van God besing. Lofwaardig is die Lam.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Wie sê julle is Ek?

**Skriflesing:**
Matteus 16:13-23 (1983)

**Teksvers**:
Matteus 16:16,17


**HK:** Sondag 12

**Sing**:
Ps 145:1-3
Ps 48:4
Sb 5-3:1.2
Sb 1-1:1,2,7
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden



Die monogram van die belydenis van Christus as ons Verlosser is redelik bekend in die vorm van 'n VIS. Die ware monogram is egter die een wat hierbo verskyn en waarin die letters van die belydenis dat Jesus die Christus en Verlosser is, saamgevat is. Die eerste letters van die Griekse woorde vir Jesus Christus Seun van God ons Verlosser vorm saam die woord IXTHUS, in Afrikaans VIS.
Waarskynlik het die Ichthus-belydenis sy oorsprong in die belydenis van Petrus in ons teksvers en uiteindelik sal dit in die geskiedenis uitloop op die 12 Artikels van ons Christelike en apostoliese geloofsbelydenis.
Kom ons antwoord vanaand met Sondag 12 op die vraag van Jesus in Matteus 16:16 en bely dat Jesus die lank-beloofde Christus is, ons Koning en ons Verlosser.






KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 48 Nr 26 6 Aug 2023

# Opus Dei

Hierdie Latynse woorde beteken "*die werk van God*". Ons kan dit ook beskryf as die "*heilige dienswerk aan God*". Die erediens en die heiligheid van God moet nie net in die "*kerkdiens*" wees nie, maar dit omvat die volheid van ons lewe.

Die lewe is 'n erediens. Ons ganse bestaan moet in die heiligheid van God wees. Om egter in die erediens God te ontmoet, is uitsonderlik. Dit is 'n heilige ervaring. Daarom mag ons nie maar net "opdaag vir kerk" omdat ons gewete aangespreek voel nie. Ons moet onsself geestelik voorberei. Ons moet daarna uitsien, en opgewonde raak oor die teenwoordigheid van God onder sy kinders.

Deur die eeue is daar geworstel en gesoek na wat die ontmoeting van die heilige God in die erediens behels. In die ou bedeling was die erediens afgesonder vir die priesters en Leviete. Dit het hoofsaaklik gehandel mbt die offerdiens. God was as te ware "toegemaak" en bedek in die tabernakel se allerheiligste. Hy was die verborge God wat nie in sy heiligheid deur sondaars genader kon word nie. En tog het Hy ge-*tabernakel* onder sy volk.

Daarvoor moes die weg na die allerheiligste eers oop gebaan word. Dit kon die priesters uit die Äaronitiese orde nie vermag nie. Hulle kon ook net vir hulle eie sonde versoening doen en nie self betaal vir die sondes van die volk nie.

As die Sondelose Lam geslag word, op die altaar voor God in die hemel, dan is Hy alleen waardig. Vir sy verlossing moet Hy geloof en geprys word. Nie net op 'n dag in die week nie, maar elke dag van ons hele lewe. Hy het immers die voorhangsel middeldeur laat skeur om ons toegang tot die allerheiligste God in die hemel moontlik te maak. So word die Here ons geregtigheid. Hy herstel ons lewende verhouding met die Almagtige.

Nou kan ons 'n nuwe lied sing:

*Aan U o Lam van God, kom die lof en aanbidding vir ewig.*

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 16 Ps 105:5 Volgende week: Les 17 Ps 105:5

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: Emeritaatsversorging

***Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur* ***bevestigende epos*** *aan admin@gkcenturion.co.za*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



# GK Centurion Gemeentekamp—Weesgerus

**22 - 25 Sept**

- Kamppeerplek R630pn vir 6 mense.
- 3 x 5 Sleeper Chalets R2170pn (1 kamer met 2 beddens en slaapbanke vir 3 persone).
- 12 x 6 Sleeper Chalet R2770pn (2 kamers met 2 beddens en slaapbanke vir 2 persone).

**Pryse sluit etes in. Bring eie drank en versnapperinge saam.**

Om kostes te verlaag en koinoinia aan te moedig vra ons lidmate om chalets/kampplekke te deel.

Kontak u diaken of Fred Reynecke 083 255 9900 om u plek te bespreek

## Gereformeerde Kerk Centurion

Kerkkamp 22-25 September 2023

**DIEN die Here met BLYDSKAP**

Vrydag 22 September

| | |
|---|---|
| | Aankoms en kamp oplsaan |
| 18:00 | Kom en Braai |
| 19:00 | Wees bly en Raak vrolik |
| 21:00 | Aand Afsluiting |

Saterdag 23 September

| | |
|---|---|
| 07:00 | Koffie en Beskuit |
| 08:00 | Bedroef en Beproef |
| 11:00 | Brunch (skottelbraai) |
| | Siesta |
| 14:00 | Dopperspele |
| 18:00 | Braai en kuier |
| 19:30 | Olik Vrolik |
| 21:00 | Afsluiting |

Sondag 24 September

| | |
|---|---|
| 08:00 | Koffie en Beskuit |
| 09:00 | Erediens |
| 11:00 | In die kring van die potters (bring potjie) |
| 15:00 | Ete |
| 18:00 | Aandgodsdiens |
| 19:00 | Afsluiting |

Maandag 25 September

| | |
|---|---|
| 10:00 | Vertrek |

# Bybelskool van Centurion 2023

**bied aan**

*Die Brief aan die Efesiërs*

*Uitverkies tot lof van Sy heerlikheid*

***Begin datum: 8 Augustus 2023***

***Almal welkom***

**Plek**: Geref Kerk Centurion
Basdenlaan 226, Lyttelton
**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30
**Koste**: R100 pp
**Aanbieder**: Ds Riaan Andersen
**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)
Hein Kaiser 082 772 7718

**Kom speel saam in die Gereformeerde Kerk Centurion se Gholfdag**

**17 Augustus 2023**

Pretoria-Wes Gholfbaan

R2 200 per 4 bal of R550 per persoon, karretjie ingesluit

R2 500 om 'n gaatjie te borg

Skenkings en pryse vir die gholfdag is baie welkom

Kontak Lodi Olivier 082 443 8886







## *Verjaasdae*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 07-Aug | Anthoni | Coetzee | B05 | 27798917932 |
| | Babs | Grobler | C04 | 27835377200 |
| | Pieter | vd Dussen | B17 | 27824167188 |
| 08-Aug | Myburgh | Brink | A15 | 27617431100 |
| | Matthys | Lourens | A10 | 27790345238 |
| | Rina | Scholtemeijer | A01 | 27767131710 |
| | Stephan | vd Walt | C12 | 27797074416 |
| 09-Aug | Rika | Hoffman | A06 | 27726917675 |
| | Charlene | Snyman | B17 | 27733404004 |
| | Rinus | Venter | A16 | 27827392477 |
| | Ria | Vorster | A17 | 27828551305 |
| 10-Aug | Cecile | Booyse | E01 | 27732972017 |
| | Lennard | de Souza | A08 | 27718525035 |
| | Ryno | v Nieuwenhuizen | C08 | 27793516265 |
| 11-Aug | Gerrit | Kamper | B10 | 27731715630 |
| | Hannes | Rademan | A05 | 664 2585 |
| | Jani | Rex | A15 | 27761643198 |

### *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 08-Aug | Delaney | Fouché | A13 | 27835715047 |
| 11-Aug | Lydia | Roos | A15 | 27609970094 |
| 12-Aug | Amelia | Silvis | A05 | 27824663651 |

## *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Marnus du Plessis sterk tuis aan (A13—081 841 4527).
- Retief Snyman sterk tuis aan (A4—347 0401).
- Meelewing word betuig met:
  - Helgard en Toekie Meyer na die afsterwe van Toekie se swaer.
  - Familie en vriende van Annatjie de Jonge wat gedurende die week begrawe is.
  - Philip en Jaconette de Kock na die afsterwe van Jaconette se suster.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

Efesiërs 2:10

Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Passage: Revelation 4:1-5:14
Rev Lourens Venter

**Te koop** - opregte, SACBR Geregistreerde Dalmatian hondjies. Geënt en ontwurm. Reuntjies & tefies R5500. Kontak Jeske 081 251 9617.

## Toer na Turkye en Griekeland 2024

Twee weke vanaf 28 Junie 2024 saam met gesoute toerleier Ds Maarten van Helden.


Bespreek nou 0721431855

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/ hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Donasies vir Karwagte



Daar is buite die kerkgebou duidelik gemerkte houers waarin donasies vir die karwagte geplaas kan word.

`n Zapperkode is ook beskikbaar vir donasies.

## Slegs gewone druk hardeband Afrikaanse 2020 Bybel beskikbaar by die Kerkkantoor

Weens die voortdurende prysskommelings by die Bybelgenootskap is daar besluit dat die kerkkantoor slegs die gewone druk hardeband Afrikaanse 2020 Bybel in voorraad sal aanhou, @ R100.

Al die ander vorme van die Afrikaanse/ Buitelandse Bybels sowel as die ander amptelike tale kan bestel word by:

Esme vd Berg 083 381 6428/
esmel.prins@gmail.com

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 19:00

\- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdag om 19:00

**9 Aug, Kom braai saam vanaf 17:00**

23 Aug, 6 Sep, 20 Sep

## GTA STAPTOER
**6-8 Okt**

Ons stap Kingdom trails by Loskopdam. Slegs 20 plekke beskikbaar.



Gee jou naam dringend op by:

Anais Lourens 071 465 3940

Carla Venter 076 743 0890

Ds Lourens 082 5292 330



## Koningskinders

*Cupcake versierings en speletjies middag*

**18 Augustus 15:00- 17:00**

Hoe kan ek betrokke raak?

- ♥ Skenk 'n bak klaar gemaakte versiersuiker of sweeties om kolwyntjies te versier.
- ♥ Help met voorbereiding van maalvleis.
- ♥ Kom help met versiering of pleisters plak.

Sanmari Venter 071 485 5995
Marietjie Smit 082 862 6468



## Senior Aksie

Die Senior Aksie vergader DV weer Maandagoggend, **7 Augustus om 10:00** in die kerksaal.

Ds Maarten v Helden gaan vir ons vertel van hulle afgelope toer na Israel en dit toelig met foto's.

Kom geniet die oggend saam met ons om die Bybelse Land te beleef!

Almal hartlik welkom!

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die eredienss is in die kombuis opgeplak.



| | |
|---|---|
| **6 Aug** | |
| Rika Pretorius | Blok B |
| Anita Snyman | Blok B |
| Mari Coetzee | Blok C |
| **13 Aug** | |
| Annelette Gentle | Blok B |
| Gerti Erasmus | Blok C |
| Corlia V Biljon | Blok C |

## Die dag van die suurlemoen

Damesoggend 2023



Saterdag, 12 Augustus 9:00

R100 per kaartjie

Kom vind kuier-kuier uit wat jy alles met 'n suurlemoen kan doen

Vul asb die google vorm in. Hierdie QR kode sal die google vorm oopmaak: